Verskuifbare gereedskap

Hoe kan toerusting in klein werkwinkels maklik verskuif word sonder om jou rug te breek? My inpirasie het ek op Youtube gevind. Carl Holmgren (http://CarlHolmgrenWoodworking.com) is een van baie bronne, en die moeite werd om te ondersoek.

So het my tafelsaag (!) en skaaf wiele gekry en kan met gemak in 'n werkbare posisie geskuif word sonder dat ek my rug ooreis! Wanneer die apparaat laat sak word staan dit stewig tydens gebruik en in die op-posisie kan dit maklik na sy rusplek terug geskuif word.

Benodigthede: 4 x rolwiele (castor wheels), 4 x skarniere, 'n paar lengtes hout (ek het 20 x 75 mm gebruik) en 'n hand vol skroewe.

Hier is my saag en skaaf uit die pad, teen die muur geparkeer. Regs staan die apparaat op sy wiele en kan maklik verskuif word.

Op hierdie foto's is die apparaat laat sak en staan stewig op die grond. Die wiele voor en agter hewel dieselfde afstand op- en af. Die kontakpunt van die voor- en agter hefbome is 'n maklik roterende houtwiel.